**Kraggakamma Huisgeloof**
**vir kleingroepe, families en stiltetyd**
**(26-31 Julie 2026)**

---

**Tema: Versigtig en verantwoordelik in verhoudings**

**Fokus Teks:** Matteus 5:17-33

Alternatiewe teks: Eksodus 20

## Afskop vrae:

Ons lees oor die volgende paar maande uit Jesus se Bergrede. Jesus se preek op die berg. Oor 'n mens se leeftyd hoor jy "hopelik" baie verskillende preke. Vertel vir die groep watter preek het 'n indruk op jou gemaak? Waar het dit plaasgevind? Hoekom het daardie preek spesifiek tot jou lewe gespreek?

## Gespreksvrae:

Matteus 5-7 skep vir ons 'n veilige raamwerk waarbinne ons kan leef. Tog moet ons steeds die hele Bybel ingedagte hou wanneer ons sekere van die tekste lees en interpreteer.

- Deel met mekaar hoe sekere verkeerde interpretasies van hierdie teks maklik gebruik kon word om mense baie seer te maak?
- By watter van die gedeeltes in die teks, is Jesus besig om die tien gebooie te interpreteer?
- Jesus se uitnodiging hier aan die volk kan saamgevat word die volgende twee dinge: Eerstens, volg die hart van die wet, nie net die letter van die wet nie. Tweedens, die wet/ die reëls moenie jou God word nie. Die Here is jou God Jesus is jou voorbeeld, lewe jy uit Godgehoorsaamheid en nie net uit wetsgehoorsaamheid nie.
- Matteus 5:21-26 moedig ons aan om moeite te doen. Om mense in verhoudings te help. Dit vra egter dat ons verhoudings fiks moet wees en gedurig let op hoe ons ander hanteer. Hoe kan ons mekaar beter verantwoordbaar hou vir die verhoudings waarbinne ons leef?

- Ferdinand Deist skryf in sy Bybelse dagboek Wat van Vandag (1986:200) die volgende oordenking oor ons teks vir die week:

  **<u>11 November- Klein Dingetjies</u>**

  Dit help nie om te glimlag as die energie wat vir daardie glimlag nodig is, uit veragting of haat voorkom nie. 'n Slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie en 'n sout fontein kan nie vars water voortbring nie. Waar ek en jy werk, waar ons ons dag deurbring, is ons nie net met dinge besig nie, maar ook met mense, en ons is verantwoordelik vir daardie mense. Mense vermoor nie net mense op slagvelde nie. Ons vermoor hulle- stadig maar seker- met ons houding, ons glimlagge en ons fronse. Dit gaan oor die gesindheid van die hart, het Jesus ons lankal gewaarsku, en daardie gesindheid, het Hy gesê, moet een van versoening wees. So 'n gesindheid van versoening kan óók uitgedruk word in 'n glimlag of 'n handgebaar. Kom ons

let vandag by die werk op die klein gebare wat ons maak. Dis dié dinge wat kan help sin gee aan wat ons doen.

Waaraan laat hierdie skrywe jou dink?

## Afsluiting:

Deel met mekaar in een sin wat het jy by die ander groeplede tydens hierdie geleentheid gehoor het. Gee geleentheid vir iemand in die groep om hardop met gebed af te sluit.